

# Dit gaan alles oor Jesus (4)



**2022-04-17**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

**1Kor 15:14 En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof;**



**1Kor 15:17  en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes;**




## Die Offer Van Christus


Heb 9:11  Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie,
Heb 9:12  ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.
Heb 9:13  Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees,
Heb 9:14  hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.
Heb 9:15  En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.
Heb 9:16  Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;
Heb 9:17  want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.
Heb 9:18  Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;
Heb 9:19  want toe elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk aangekondig is, het hy die bloed van die kalwers en bokke saam met water en skarlakenrooi wol en hisop geneem en die boek self en die hele volk besprinkel
Heb 9:20  en gesê: Dit is die bloed van die testament wat God met die oog op julle verorden het.
Heb 9:21  En hy het ook die tabernakel en al die gereedskap van die diens net so met die bloed besprinkel.
Heb 9:22  En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.
Heb 9:28  so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.

## Christus die Hoëpriester

**Heb 9:11 Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie,**

- **Ou Testament = skadu van wat sou kom**
- **Nuwe Testament = vervulling**
- **Alles (geestelike en ewige seëninge) reeds ontvang in die Ou Testament, en wat ook moes kom in die Nuwe Testament was as gevolg van Christus ons Hoëpriester - en gebou op Hom**
- **Tabernakel – nie met hande gemaak nie**





## Christus die Hoëpriester word die offer

**Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.**

- **Die offer van God Homself. Die Hoëpriester word die offer.**
- **Die Heilige Gees was betrokke by Jesus se sterwe en opstanding**

**Rom 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.**

- **Hoëpriester gaan uiteindelik in die Hemel in – vol van sy eie bloed.**
- **Nie jaarliks nie – maar eens en vir altyd**
- **Reinig ons gewete van dooie werke**
- **Christus bring lewe**



Heb 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.


## Testament


- **Ooreenkoms tussen twee of meer partye**
- **Dit skop in werking wanneer die een party sterf**
- **Daar is ook 'n eksekuteur wat toesien dat dit reg uitgevoer word**
- **Dit is vrywillig**
- **Daar is 'n erfenis (as jou naam genoem is)**






## Die Ou en Nuwe Testament




The
(last will and)
New Testament of
our Lord and Saviour
Jesus Christ

## Christus die Middelaar (Eksekuteur)

Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

- **Christus is die Middelaar (eksekuteur) van 'n NUWE testament.**
- **Daar het 'n dood plaasgevind vir die verlossing van oortredinge (onder die eerste testament/ooreenkoms)**
- **Vir verlossing – vir almal**
- **'n Ewige erfenis**
- **Hy bely ons name voor die Vader**



## Dit is ook Christus se eie Testament (Testateur)

Heb 9:16 Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;
Heb 9:17 want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.
Heb 9:18 Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;

- **Christus se eie Testament kon eers in werking tree toe daar 'n dood plaasgevind het. (Sy eie sterwe). Hy is geoffer**
- **Anders was dit nie geldig nie**
- **Die eerste (ou) testament was ook met bloed ingewy (vers 18&19)**





**Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.**

Heb 9:19 want toe elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk aangekondig is, het hy die bloed van die kalwers en bokke saam met water en skarlakenrooi wol en hisop geneem en die boek self en die hele volk besprinkel

| | |
|---|---|
| Christus | Christus |
| Hoëpriester | Hoëpriester |
| Middelaar | Offer |
| (Eksekuteur) | (Testateur) |

## Christus se Testament

The
(last will and)
New Testament of
our Lord and Saviour
Jesus Christ

- **Sy Testament is klaar geteken met Sy bloed**
- **Die kontrak is reeds geteken van Sy kant af**
- **Dit is vir elkeen wat in Hom glo (Joh 1:12)**
- **Ek en jy sal ook moet sterf om deel te wees van hierdie testament**

Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;






## Christus het opgestaan!!

Mat 28:2 En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit . Mat 28:3 En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu. Mat 28:4 En uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.



Hand 2:24 Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word.

Smart =
Odin (Grieks) =
geboortepyne

## Wat staan in Christus se Testament?
## Ons is erfgename!

**Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.**

- Tit 3:7 sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.

Gal 3:29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.






## Wat staan in Christus se Testament? (wat erf ons)?

- **Oorwinning vir jou oor die mag van die Satan, sonde en die dood**
- **Die ewige lewe (Tit 3:7)**
- **Lewe en oorvloed (Joh 10:10)**
- **Hy berei vir ons plek voor (Joh 14:2)**
- **Krag ontvang deur die Heilige Gees (Hand 1:8)**
- **Jou naam in die boek van die lewe. (Openb 3:5)**
- **Christus bely ons name voor die Vader**
- **Met ons tot aan die voleinding van die wêreld.**














1 Kor 11:23 - 29

**“Doen dit tot my gedagtenis”**

**Joh 5:13**
**Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.**

# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za


https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp of Telegram: 082 462 1282

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible;

https://www.gospelimages.com/



# AGS Rayton se Visie

**"ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG"**



19